Sing staande vooraf: Psalm 100:1, 4 (p. 494)

1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!

4 Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag.

Ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 136:1, 2 (p. 660)

1 Loof die HEER met blye klank, / loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

2 Loof die hoogste God en HEER, / wat alle aardse mag regeer;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet antwoord ons met Psalm 102:1 (p. 498).

Wet

Psalm 102:1 (p. 498)

1 HEER, u goedheid is onendig; / hoor my as ek diep ellendig,
as ek in my krag verkort, / klag voor U soos water stort.
Hoor die hulproep van 'n lyer, / wil u aanskyn hom nie weier;
hoor in nood, en hoor my nou, / help my, HEER, ag, help my gou!

Gebed

- ***Doksologie***
- ***Aanbidding***
- ***Skuldbelydenis***

Vergifnis

- ***Dank***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens***

Amen.

Psalm 138:1 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Skriflesing: Johannes 12 en Openbaring 19

Teks: Johannes 12:15b en Openbaring 19:11

Moenie vrees nie, dogter van Sion! Kyk, jou Koning kom en Hy sit op die vul van 'n esel. (Johannes 12:15 AFR1953)

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. (Openbaring 19:11 AFR1953)

Dit is verbasend hoe vinnig en radikaal dinge kan verander. Ons lees in al twee die gedeeltes uit die Nuwe Testament van die Here Jesus Christus wat ons verlos het.

Let wel: Nie een van die twee is uit die Ou Testament nie – net om te let op die ontwikkeling wat daar in ons tyd alleen plaasvind rondom ons verlossing.

- Eers ry die Here Jesus op ’n donkievul – tydens sy laaste intog in Jerusalem.
- Die volgende keer ry die Here Jesus in sy Goddelike majesteit op ’n wit perd – wanneer Hy op die wolke verskyn as die Ewige Regter wat ons tyd afsluit met sy oordeel en die koms van die Nuwe Jerusalem.

Die eerste keer simboliseer genade, en nederigheid. Byna ’n weerlose prentjie as ons daaraan dink. Al die daaropvolgende dinge word vasgevang in die beeld van Jesus op die donkievul:

- ’n Man ry op ’n donkievul in die Godstad in om te kom sterf.
- Hy kom om die laaste stukkie van sy stryd as mens af te handel.
- Hy kom sterf vir ander.
- Hy gaan baie pyn ly vir dié wat die Vader Hom gegee het.
- Hy moet sterf – God het dit bepaal – en dan moet Hy op die derde dag weer uit die dood opstaan.

Die laaste verskyning verskil feitlik heeltemal van hierdie eerste een.

Die eerste een het in sy geheel gestaan in die teken van diens:

- Die Here Jesus kom om te sterf en te versoen.
- Sy koningskap skemer inderdaad deur in die feit dat Hy in die Godstad ingery kom, al is dit dan op ’n donkie.

Die laaste verskyning verskil totaal van hierdie intog op die donkievul:

- Die laaste koms word daardeur gekenmerk dat dit geen enkele teken van diens simboliseer nie!
- Dit is ’n koms wat in die teken van aggressie staan.
- Die Here Jesus kom as ’n Leëraanvoerder, en sy hele wese getuig van sy oorwinning oor alle magte wat teen God en sy heiligheid staan.
    - ’n Aanvoerder op ’n wit perd verskyn met sy hele leërmag – ook almal op wit perde.
    - Wit is die teken van oorwinning
    - en die perd die simbool van oorlog!

Christus kom as Getroue en Waaragtige.

- Ons word dan versamel oor ons getrouheid en omdat ons in die waarheid gebly het.
- Maar terselfdertyd is daar ook die onverbiddelikheid in die beskrywing oor diegene wat nie die getrouheid en die waarheid van Jesus Christus deel nie.
- Dit is nie sonder rede dat hier staan dat Hy oordeel en oorlog voer nie.
- Die enigste maatstaf is God se geregtigheid!

Om hierdie Sakrament van die Heilige Nagmaal waarlik heilig te nuttig, moet ons vandag die volgende dinge bedink:

- Dink daaraan dat ons nie by die Koning op die donkie kan vassteek as ons die Nagmaal gebruik nie.
- Hy het intussen die Aanvoerder van die hemelse magte op die wit oorlogsperd geword.
- Hy kom sterf nie weer vir geregtigheid nie – Hy vernietig nou almal met sy geregtigheid as hulle buite die grense van sy waarheid beweeg.

In die beskrywing van sy oë val die oordeel en die genade saam. Dit is soos ’n vuurvlam:

- Die genade is dat die vuur alles vernietig wat ons van God wil vervreem. Ons word dus geheilig en alles wat ons bedreig word weggeneem.
- Die oordeel is dat die vuur terselfdertyd die hemelvreemde elemente uitbrand. Deur die oordeel (suiweringsproses) word dit tussen die uitverkorenes uit verwyder. Alles en almal wat sleg is, gaan hel toe.

Ons sit vandag aan die Nagmaaltafel as aanbidders van die God op die wit perd. Kom ons sê dit anders:

- Die Oorwinnaar oor alle magte in die hemele en op die aarde bied die Nagmaal aan u.
- Ons sit hier omdat sy mag en majesteit ons hier versamel.
- Ons sit hier omdat sy Heilige Gees ons daarvan verseker dat Hy eenkeer in die vernederende beeld van ’n donkieruiter na sy stad toe moes gaan.
    - Sodat ons – wat die oorsaak is van sy lyde en dood – aan die Nagmaal mag deelneem, want daardie vernedering was ter wille van ons!

Ons gaan nou twee dinge doen:

- Herdenk vandag die kruisdood van die Here. Dit is ’n gedagtenismaal aan sy vernedering en oorwinning wat vir ons totale versoening gegee het.
- Maar u moet dit ook beleef as ’n gemeenskapsmaaltyd met die Here Jesus en met al die gawes wat Hy vir u verwerf het. Hy is saam met u by die Nagmaal teenwoordig.
    - Sy dood was natuurlik nie net ter wille van sy eie oorwinning oor die Satan wat teen Hom opgestaan het om sy kroon van Hom af te neem nie.
    - Sy dood was vir seker om sy almag en verheerliking bo alle twyfel en tot in ewigheid oor die Satan te verseker en te bevestig.
    - Maar dit alles was veral **ook ter wille van ons**! Ons straf is gedra in sy vernedering en vervloeking. Dit het ons met God versoen.

Daarom verseker die Nagmaal die sagtheid van God se liefde aan ons – ’n liefde wat vandag aan almal van u van nuuts af herskepping en die ewige lewe verseker. Die Ruiter op die wit perd verseker u met hierdie maaltyd dat u almal deel gaan wees van die hemelse skare wat Hom op hulle wit perde volg.

Amen.

Gebed

Psalm 33:1 (p. 157)

1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde͡en lof verklank!

Formulier

Psalm 23:2 (p. 107)

2 En is ek soos ’n skaap in doodsgevare, / wat in die velde as ’n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116

Psalm 118

Slotgebed

Slotpsalm 68:2 (p. 331)

2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 21 Februarie 2010